

Tuisblad » Wyn Klein botteltjies ... Geplaas deur Melanie Tait op 15.08.12 Geen
Kommentaar

Pongrácz kom deesdae in 'n kompakte verpakking vir daardie dag wanneer jy slegs twee glase vonkelwyn nodig het. Hierdie 375 ml botteltjies is die perfekte aperitief of 'n opkikker wanneer jy klaar gewerk het. Die klassieke Champagne-druifsoorte van pinot noir en chardonnay bring vars groen appel- en die neutagtige geure van varsgebakte brood na vore.

Boland vir Afrikaans

Omdat Afrikaans so 'n pragtige en beskrywende taal is, het Boland Kelder besluit om 'n lansie te breek daarvoor en wynverwante woorde in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) te borg.

“Boland Kelder het bygedra tot die vaslegging van die rykdom, kleurrykheid en verskeidenheid van Afrikaans deur woorde soos wynmoer, wysnobs, wynhuis, bakleiwyn en wynvlieg te borg,” sê die WAT.

Volgens Bennie van Rensburg, Boland Kelder se direkteur van verkope en bemerking, is Afrikaans 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse wynbedryf en is daar 'n soort sinergie tussen die twee. “Hulle het as't ware hand aan hand grootgeword en daarom voel ons sterk daarvoor om ons klein bydrae te maak om hierdie pragtige taal te bewaar en uit te bou. Respek vir taal is net so belangrik soos respek vir self,” sê Van Rensburg.

Fynproewerswyne gedenk verlede

Nederburg het vier nuwe fynproewerswyne geskep wat nêr in spesialis-kleinhandelwinkels en die beste restaurante verkoop sal word. Hulle staan gesamentlik as die Heritage Anthology bekend en het individuele name ter ere aan mense wat 'n groot rol gespeel het om hierdie kelder se reputasie te bou.

Die 2009 Motorcycle Marvel gedenk die legendariese wynmaker Günter Brözel wat van 1956 tot 1989 aan Nederburg verbonde was. Dit is 'n versnit van grenache, carignan en shiraz in die Rhône-styl. Die druiwe van eersgenoemde twee kom van ou bosstokke in die Paarl, en die shiraz kom van 'n bekroonde blok in Philadelphia. Die wyn is met lang dopkontak in oop vate gegis om maksimum aan kleur en geur te onttrek.

Die 2009 Brew Master is 'n versnit in die Bordeaux-styl ter herdenking aan Johann Graue, wat wynmakery in Suid-Afrika op sy kop gekeer het toe hy Nederburg in 1937 gekoop het. Sy werk om die bes presterende wingerdstokke vir vermeerdering te isoleer en die gebruik van koue gisting, staan veral uit. Cabernet sauvignon oorheers, maar daar is ook merlot, petit verdot en cabernet franc in die versnit waarvan die komponente almal afsonderlik tot wyn gemaak is.

Die 2011 Young Airhawk is 'n houtverouderde sauvignon blanc wat aan Johann Graue se seun, Arnold, hulde bring. Nes sy pa het hy talle tegniese vernuwings op Nederburg ingevoer. Hy het sy pa se bekroonde reputasie voortgesit, maar het in 'n ligte vliegtuig verongeluk toe hy net 29 jaar oud was. Verwag lae groenvye, aspersie en mineraalsmake op die neus en die palet pas baie goed by die hout.

Die 2011 Anchorman Chenin Blanc kry sy naam van Nederburg se stigter, Philippus Wolvaart, wat die plaas in 1791 bekom het en onder meer chenin blanc-druiwe aangeplant het. Die druiwe kom van ou droëland-bosstokke in Darling, Durbanville en die Paarl wat 'n lae opbrengs lewer. Hierdie chenin blanc herinner aan ryp vrugte, veral appelkose en

lemoene, met tikkies blomme, en sweempies rosyntjies en speserye, met 'n lewenskragtige mineraal-ruggraat.

Vonkelfees

Die Johannesburg Cap Classique & Champagne Celebration vind op 18 en 19 Augustus by die Country Club Johannesburg in Auckland Park plaas. Groot name soos Backsberg, Colmant, Graham Beck Wines, Krone, La Motte, Mômeson, Pierre Jourdan, Simonsig, Steenberg, Topiary Wines en Villiera gaan met hul wyn hier spog en wêreldbekende wyne van Champagne sal verteenwoordig word deur handelsmerke soos Billecart Salmon, Tribaut en Veuve Clicquot. R250 per persoon. Kaartjies beskikbaar by www.webtickets.co.za.